

KUBERKAMMA

ONS IS GOD SE FONTEIN VAN LIEFDE



Psalm 32 vers 8

Ek wil vir jou onderrig en die pad leer wat jy moet volg
Ek wil vir jou raad gee en my oog oor jou hou

Kortpad

Deurdankoffer vir Hulp aan Gemeentes Geen teebeurt as gevolg van nagmaal

- 24 Februarie 09h00 Gesamentlike nagmaal in kerksaal Kleuterkerk
01 Maart 04h45 Manne vertrek vanaf Lilylaan 68 na Mannebyeenkoms by Storehouse kerk
01 Maart 05h45 Wêreldbiddag vir Vroue onder die bome by die kerkgebou
02 Maart 5h45 – 07h00 Wêreldbiddag vir Manne by Elandré Bosch Lilylaan 68

Nog belangrike datums

Kommunikamma 24 Februarie 2019

Saam op pad vir Christus

Preke: Die preke van die oggenddienste word opgeneem en kan by die kerkkantoor bestel word teen R10 per CD. Preke word vir 3 maande gehou.

Daar is mense wat dink dat om lidmaat te wees dieselfde is as om as ATKV-lid jou bydrae te betaal en dan sekere dienste te verwag. Die kerk as liggaam van Christus werk nie so nie. Elkeen is onmisbaar belangrik. 'n Gawe is immers niks anders as 'n geskenk wat die Heilige Gees vir ons gee nie. Daarom het ons geen rede om daarmee te spog nie. Ons gebruik ook, in liefde, hierdie gawes tot voordeel van ander. Dit is wat ledemate van die liggaam van Christus doen. Ons is belydende ledemate van die liggaam van Christus

Wêreldbiddag vir Vroue: 1 Maart 2019

Die 150 deelnemende lande kry elkeen 'n beurt om die program saam te stel en die wonder daarvan is dat daar op hierdie dag vir 24 uur dwarsoor die wêreld presies dieselfde program deur derduisende Christene gebid word. Die tema kom vanjaar uit Lukas 14 vers 12-24: "Kom – Alles is gereed!" Slovenië is die Skrywerland. Kunswerk

Belydenis van geloof

14 Jongmense het die 17de Februarie 2019 belydenis van geloof afgelê. Hier is die foto's van hierdie pragtige jongmense en hulle ouers.

Verbeteringe aan kerkgebou

Die tenderdokumente vir die 1ste fase van die verbeteringe aan die kerkgebou is byna gereed. Kontak asseblief die kerkkantoor indien u weet van 'n kontrakteur wat wil tender vir die bouwerk wat beplan word vir die Junie / Julie vakansie. Terwyl die bouwerk gedoen word, sal alle eredienste in die saal plaasvind.

There4-Bedieninge besoek die Midde-Ooste

Janine en Therèse besoek die Midde-Ooste die 24ste April om vrouens te gaan bemoedig. Jy kan [deel wees van hierdie reis](#) deur saam te bid of op prakties betrokke raak deur verskeie items of kontant donasies te voorsien. Kontak gerus There4-Bedieninge se kantoor by 041 360 1946

Sake vir gebed

Ons bid die Here se seën op die gesamentlike nagmaaldiens, die Wêreldbiddag vir Manne en vir Vroue en die Maart Malligheid. Ons dank die Here vir droogte wat op plekke gebreek is. [Lees asseblief biddend](#) die name van die persone wat ons voorbidding dringend nodig het.

There4-Bedieninge: gebedsversoek vir Pakistan

Nagenoeg 700 meisies en vrouens word elke jaar ontvoer, verkrag en het gedwonge huwelike met nie-gelowiges. Bid vir die [beskerming van Christenvroue en -meisies](#) in Pakistan. **Foto**

***Padlans* So wen vreugde en entoesiasme**

"Joy is the serious business of heaven." (C S Lewis). God is regtig baie ernstig oor vreugde. Dit groei binne-in ons wanneer ons kies om eenvoudiger te leef en minder te fokus op alles wat verkeerd is. Kompleksiteit en kommer is vreugdediewe. [So wen vreugde en entoesiasme](#)

***Padkos* Ja, slegte dinge gebeur wel met goeie mense**

Genesis 8 vers 22: So lank as die aarde bly bestaan, sal saaiyd en oestyd nie ophou nie, ook nie koue en hitte, somer en winter, dag en nag nie.

Job het meestal goeie seisoene ervaar, maar word onthou vir die ontsettende hartseer, pyn en verliese wat hy gely het. Tog is hy beskou as 'n regverdige mens. Moet dus nie aanvaar dat jy slegter of sondiger is as ander wanneer jy deur moeilike tye gaan nie. Aanvaar dat daar seisoene van goed en kwaad sal wees tot die wederkoms. Slegte dinge gebeur wel met goeie mense. Moet dus nie te veel tob oor negatiewe dinge wat gebeur nie. Moenie toelaat dat die seisoen waarin jy jou bevind, definieer wie en wat jy is nie. Mense maak dikwels onwyse besluite in swaar tye. Wanneer jy deur moeilike tye gaan, aanvaar en glo dat God daar is en dat dit nie die tyd is om wilde stellings oor God en Sy doel met jou te maak nie. Die waarheid is: God se planne verander nie soos die seisoene nie. God is altyd daar en is steeds by jou - of jy jou in 'n pondok, 'n paleis of 'n tronk bevind. Dikwels, as ons terugkyk oor ons lewe, verstaan ons waarom sekere dinge nie uitgewerk het volgens ons planne nie.

Gebed: Here, weerhou my daarvan om wrokke te koester en leer my om afskeid te neem van ou koeie. Maak my vry om te vergewe en lief te hê soos wat U ons geleer het. Amen

[Hennie Symington www.versndag.co.za verkort]

***ku*bergroete tot volgende keer**

[2019-02-24]



Skandeer die **Kraggakamma Gemeente SnapCode** om donasies, maandelikse dankoffers, kollekte en aankope deur middel van **SnapScan** te betaal.
www.getsnapscan.com